

## 1. Die Beplanningsproses

Artikel 28 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, (hierna verwys as die Stelsels Wet) bepaal dat elke Munisipale Raad binne 'n voorgeskrewe tydperk vanaf die aanvang van hul verkose termyn 'n prosesplan moet aanvaar vir die opstel van die GOP. Die Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit het ontstaan op 5 Desember 2000 ingevolge die Stelsels Wet. Soos met alle ander plaaslike owerhede moet die SKDM voldoen aan die vereistes soos bepaal deur genoemde wetgewing.

Ten einde te verseker dat die GOP proses ooreenstem met minimum standaarde en dat voldoende koördinasie bestaan tussen die verskillende regeringsfere, moet daar 'n prosesplan opgestel word ten einde die proses te reguleer. Die plan sluit in (1) die betrokke rolspelers, (2) die aard van hul betrokkenheid, (3) die aktiwiteite onderneem in die proses (4) die tydsraamwerk vir aktiwiteite, en (5) die verwagte uitkomst van die onderskeie aktiwiteite.

Die geografiese gebied van die SKDM sluit die B-munisipaliteite van Laingsburg, Prins Albert en Beaufort-Wes in, met Murraysburg as Distriksbestuur Gebied (DMG) onder die jurisdiksie van die SKDM.

Die Munisipale Bestuurder, ondersteun deur die GOP-koördineerder is finaal verantwoordelik vir die GOP-proses, terwyl die Distriksmunisipaliteit verantwoordelik is vir die koördinering van die proses vir die distrik, maar ook verplig is om te verseker dat die B- munisipaliteite hul onderskeie GOP's voltooi.

### 1.1 Institusionele Reëlins en Verantwoordelikhede

Alhoewel die GOP beplanningsproses verskillende rolle toewys aan verskillende regeringsfere, is die sleutel verantwoordelikheid vir die opstel van die GOP gesetel op plaaslike vlak (B- en C-munisipaliteite). Die Distriksmunisipaliteit het die verantwoordelikheid vir die koördinering van die GOP formuleringsproses binne die distrik as geheel, m.a.w. (a) die formulering van 'n GOP vir die SKDM (Murraysburg ingesluit), (b) ondersteuning aan die B-munisipaliteite en (c) om toe te sien dat die opstel van 'n beplanningsraamwerk, wat tot interaksie sal lei tussen die onderskeie munisipaliteite in die distriksgebied.

Die Distriksmunisipaliteit het die ondersteuning en kundigheid van die beplanners van die PIMSS Sentrum en konsultante van PricewaterhouseCoopers (PwC), onder die leierskap Mnr. Pieter Strauss en projekteier Mnr. Johan van Baalen, aangewend. Alhoewel die opdrag van PwC beperk was tot die ondersteuning van die SKDM, het hulle 'n betekenisvolle waardetoevoegende rol gespeel in die bepaling van die tempo, die integrasie van die proses en uitkomst in die verskillende fases van die onderskeie GOP's in die distriksgebied. Met bogenoemde in ag geneem het elke B-munisipaliteit hul verantwoordelikhede ten opsigte van die proses uitgevoer.

Die munisipaliteite van beide Laingsburg en Prins Albert het die dienste van 'n konsultant, Mnr. Christo Els (TCS) aangewend, terwyl Beaufort-Wes die dienste van Mnr. Stephanus Jooste en Mnr. Jan-Willem van Staden van die PIMSS Sentrum aangewend het. Befondsing is ook van die Nasionale regering ontvang vir die aanstel van GOP-koördineers by die onderskeie B-munisipaliteite (begin 2002).

Die provinsiale GOP-ondersteuningspan van Mnr. Philip Grobler en Mnr. Japie Kritzinger het 'n belangrike rol gespeel deur tegniese en konsepsuele ondersteuning te lewer, asook plasing van voldoende kapasiteit binne die SKDM. In hierdie verband is ondersteuning gebied deur die voorsiening van die opleiding, die beskikbaarstelling van finansiële ondersteuning (R75 000) vir die GOP-proses en goedkeuring van die distrik GOP raamwerk.

### 1.2 Proses Oorsig

Die distriksraamwerk (as rigtinggewende dokument) is volgens vasgestelde wetlike voorskrifte en in samewerking met die betrokke B-munisipaliteite, deur die SKDM opgestel. Die dokument fasiliteer interaksie tussen die verskillende munisipaliteite gedurende die proses waartydens die onderskeie IDP's geskryf word. Die distriksraamwerk is saamgestel en aangeneem deur die Distriksraad tydens 'n vergadering in Augustus 2001.

Die Distrik GOP Proses Plan is voltooi in Augustus 2001 en is aanvaar deur die Raad tydens 'n vergadering in Augustus 2001.

Alhoewel die distriksraamwerk alreeds in plek was, het die IDP proses in die Sentrale Karoo nie by die tydskale soos uiteengesit in die Raamwerk, gehou nie. Die "analise" en "strategie" fases is saamgevoeg om sodoende te kompenseer vir die beperkte hoeveelheid tyd wat geallokeer is aan die verskillende fases. Die rede waarom tyd 'n beperkte faktor was, kan toegeskryf word aan die feit dat die Sentrale Karoo se IDP proses eers in September 2001 'n aanvang geneem het. Dieselfde prosedure is gevolg met die "projekte" en "integrasie" fases. Laasgenoemde fases is in Maart 2002 voltooi.

Die munisipaliteite op Prins Albert en Laingsburg het 'n groot tydsvoorsprong gehad met betrekking tot die opstel van hul GOP's, deurdat hulle alreeds in Mei 2001 'n konsultant (Mnr. Christo Els) aangestel het. Die betrokkenheid van PwC ter ondersteuning van die PIMSS sentrum en die GOP koördineerder het meegebring dat die GOP proses bestuur is op 'n geïntegreerde wyse wat ook die belyning van beplanningsaktiwiteite tussen die verskillende rolspelers binne en buite die distrik insluit.

Die GOP beplanningsaktiwiteite vir Murraysburg (as 'n DMA) is hanteer asof die dorp 'n volwaardige B-munisipaliteit was. Die benadering was om kwessies eie aan Murraysburg aan te spreek, asook die wyse waarop die Distrik GOP proses voorsiening maak vir Murraysburg.

### 1.3 Evaluering van die Beplanningsproses

Die opstel van die onderskeie GOP's word gekenmerk deur bepaalde administratiewe probleme. Dit het daartoe gelei dat sekere elemente van die verskillende GOP's ontoepaslik was ten opsigte van (a) die proses, (b) die kwaliteit en (c) die vlak van konsultasie met die verskeie gemeenskappe.

Soos genoem in paragraaf 1.1 hierbo is die GOP-koördineerders eers op 'n relatiewe laat stadium by die B-munisipaliteite aangestel, wat meegebring het dat sekere prosesinsette gedurende die onderskeie GOP fases aan beperkinge onderhewig was. Een so 'n element is die vlak en frekwensie van gemeenskapsdeelname en -konsultasie. Hierdie feit word bevestig deur die sterk klem wat geplaas word op die opgradering en uitbreiding van infrastruktuur, soos weerspieël in die GOP projekte van die onderskeie munisipaliteite. Pogings om die breër gemeenskap te betrek was onvoldoende. Hierdie realiteit is verder versterk deur die feit dat die GOP koördineerders eers aan die begin van hierdie jaar aangestel is en gevolglik is die identifisering van projekte grootliks oorgelaat aan die munisipale amptenare.

Direk verbandhoudend met bogenoemde is die mate waartoe daar geskakel is met die landelike gemeenskappe binne die distrik. Gemeenskappe wat langs die spoorwegnetwerk woon (bv. Letjiesbos, Prins Albertweg) is glad nie of nie genoegsaam gekonsulteer nie. Daar is pogings aangewend om die South Cape Land Committee (SCLC) te betrek sodat hulle kan help om bogenoemde gemeenskappe te betrek by die GOP proses. Die SCLC het 'n betekende rol gespeel in die mobilisering van die plaas gemeenskappe in die Murraysburg distrik. Dit dien gemeld te word dat die fokus van die werkswinkels wat met Murraysburg se plaasgemeenskappe gehou was, oorwegend op grondbesitkwessies gerig was.

Die beperkte betrokkenheid van die meeste raadslede in die proses dien vermeld te word, veral as die belangrikheid van die dokument inaggeneem word. Die onbetrokkenheid van die raadslede kan toegeskryf word aan verskeie faktore, beide struktureel en prosedurieël. Raadslede se betrokkenheid behoort in die volgende jaar verhoog te word wanneer die GOP aan Prestasie Bestuur gekoppel word.

# Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

## 2 Huidige Situasië

### 2.1 Huidige realiteite: Basiese feite and statistieke

#### 2.1.1 Demografiese inligting

<b>Demografie</b>											
<b>Bevolking</b>											
<b>Dorp</b>	<b>Swart</b>			<b>Kleurling</b>			<b>Blank</b>		<b>Ander</b>		<b>Totaal</b>
<i>Beaufort-Wes</i>	5 970			23 565			4 352		85		34 615
<i>Laingsburg</i>	222			4 623			991		76		5 912
<i>Murraysburg</i>	522			5 001			636		0		6 082
<i>Prins Albert</i>	101			8 073			1 306		27		9 507
<b>Verwagte Groeikoerse</b>											
<b>Dorp</b>	<b>Swart</b>			<b>Kleurling</b>			<b>Blank</b>				
<i>Beaufort-Wes</i>	2.35			1.26			0.12				
<i>Laingsburg</i>	2.11			0.58			0.13				
<i>Murraysburg</i>	1.02			0.95			0.14				
<i>Prins Albert</i>	0.72			0.83			0.23				
<b>Verwagte Bevolking: Sentrale Karoo tot 2010</b>											
<b>Bevolkings-groep</b>	<b>2001</b>	<b>2002</b>	<b>2003</b>	<b>2004</b>	<b>2005</b>	<b>2006</b>	<b>2007</b>	<b>2008</b>	<b>2009</b>	<b>2010</b>	
<i>Swart</i>	6 451	6 554	6 658	6 764	6 871	6 980	7 091	7 204	7 319	7 435	
<i>Kleurling</i>	41 321	4 1697	42 076	42 459	42 846	43 236	43 629	44 026	44 427	44 831	
<i>Blank</i>	7 443	7 455	7 467	7 479	7 491	7 503	7 515	7 527	7 536	7 551	
<b>Totaal</b>	55 215	55 706	56 201	56 702	57 208	57 719	58 235	58 757	59 282	59 817	

Bron: IDEA (@CSIR, 2001) inligting saamgestel van DWWB

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

<b>Huishouding</b>						
Geslagsverspreiding Landelik / Stedelik						
Area	<i>Manlike hoof van huishouding</i>	<i>Manlike hoof van huishouding as % van totale huishoudings</i>	<i>Vroulike hoof van huishouding Stedelik</i>	<i>Vroulike hoof van huishouding as % van totale huishoudings Stedelik</i>	<i>Vroulike hoof van huishouding Landelik</i>	<i>Vroulike hoof van huishouding as % van totale huishoudings Landelik</i>
Beaufort-Wes	4666	63.61	2590	35.42	22	0.3
Laingsburg	1031	70.81	341	23.42	161	4.67
Prins Albert	1613	75.59	342	16.03	158	7.54
Murraysburg	1276	82.16	103	6.63	22	10.17
<b>Grootte</b>						
Area	<i>Bevolking</i>		<i>Getal Huishoudings</i>		<i>Gemiddelde Grootte</i>	
Beaufort-Wes	34 600		7 310		4.7	
Laingsburg	5 900		1 460		4.1	
Prins Albert	9 500		2 130		4.5	
Murraysburg	6 100		1 550		3.9	
<b>Gemiddeld</b>					<b>4.3</b>	
<b>Onderrig</b>						
Area	<i>Geen onderrig</i>	<i>Primere onderrig</i>	<i>Sekondere onderrig</i>	<i>Tersiere onderrig</i>	<i>Ander</i>	<i>Total</i>
	%	%	%	%	%	%
Beaufort-Wes	15.98	33.81	33.1	3.01	3.96	100
Laingsburg	21.23	33.9	28.16	3.59	3.11	100
Prins Albert	19.22	38.25	22.9	3.2	3.08	100
Murraysburg	23.51	37.68	18.89	2.82	5.26	100
District	17.98	34.99	29.31	2.98	3.86	100

Bron: IDEA (@CSIR, 2001) inligting saamgestel van DWWB

# Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

## 2.1.2 Gesondheidsinligting

<b>Gesondheid</b>						
<b>Fasiliteite:</b>						
<b>Ligging</b>	<b>Fasiliteite</b>			<b>Personeel</b>		
	<b>Tipe</b>	<b>Getal</b>		<b>Doktors</b>	<b>Verpleegkundiges</b>	<b>Ander</b>
<i>Laingsburg</i>	Provinsiale Hospitaal Distrik Munisipale Kliniek	Gebou Mobiel	1 1 2	1	3	4
<i>Prins Albert</i>	Provinsiale Hospitaal Distrik Munisipale Kliniek	Gebou Mobiel	1 1 1	3	8 3	39 4
<i>Murraysburg</i>	Provinsiale Hospitaal Distrik Munisipale Kliniek	Gebou Mobiel	1 1 2	Tydelik	13 3	6 3
<i>Merweville</i>	Distrik Munisipale Kliniek	Gebou Mobiel	1 1	Geen	1	1
<i>Leeu-Gamka</i>	Distrik Munisipale Kliniek	Gebou	1	Geen	1	1
<i>Beaufort-Wes</i>	Provinsiale Hospitaal Distrik Munisipale Kliniek  Munisipale Kliniek	Mobiel Gebou Gebou	1 4 1 4	Deeltyds 5 Geen  Geen	37 6 11	9 7 5 8
<i>Nelspoort</i>	Sanatorium	Gebou	1	Deeltyds	1	2
<b>Voorkoms van siektes: Murraysburg</b>						
<b>HIV / Vigs</b>		<b>Tuberkulose</b>		<b>Ander</b>		
<b>2000</b>	<b>11</b>	<b>2000</b>	<b>49</b>	<b>N/A</b>		
<b>2001</b>	<b>12</b>	<b>2001</b>	<b>46</b>			
<b>2002</b>	<b>3</b>	<b>2002</b>	<b>3</b>			
<b>Aangemelde voorkoms</b>		<b>Aangemelde voorkoms</b>				

Bron: Dennis Moss Struktuur Plan & SKDM klinieke

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

### 2.2 Opsomming van gemeenskap en deelhouer prioriteitskwessies

Hierdie afdeling reflekteer die kwessies (in konteks) binne die streek soos bepaal tydens verskeie werkwinkels en omsluit ook die inligting vereis in paragraaf 2.9.

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	c
<b>Ekonomiese Ontwikkeling</b>	Beaufort-Wes	1	Werkloosheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 46% van ekonomiese aktiewe persone nie in diens</li> <li>• Afhanklikheid van staatstoelae</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoë huur tariewe vir besighede</li> <li>• Onbeskikbare besigheids persele</li> <li>• Lae vaardigheidsvlakke</li> <li>• Min eksterne investering</li> </ul>	X	X
		2	Ekonomiese potensiaal van dorp nie voldoende aangewend		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Swak ekonomiese basis</li> <li>• Geen insentiewe vir industriële ontwikkeling</li> <li>• Afwesigheid van ontwikkeling en bemarkings ko-ordinering</li> <li>• N1 nie voldoende ge-eksploteer</li> <li>• Vandalisme</li> <li>• Bedelaars</li> <li>• Afname in handelsektor</li> <li>• Lae vaardigheidsvlakke</li> <li>• Min eksterne investering</li> </ul>	X	
		3	Onderbenutting van toerisme potensiaal				X
	Laingsburg	1	Werkloosheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 36% van ekonomiese aktiewe persone nie in diens</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geografiese ligging</li> <li>• Spoorweë onderbenut</li> </ul>	X	X
		2	Ekonomiese potensiaal van dorp nie voldoende aangewend		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen sakekamer</li> <li>• Lae vaardigheidsvlakke</li> <li>• Gemeenskap apaties rakende ontwikkelingskwessies</li> </ul>	X	
		3	Onderbenutting van toerisme potensiaal				X

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	c
	Murraysburg	1	Werkloosheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>48% van ekonomiese aktiewe persone nie in diens</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ligging</li> <li>Swak ekonomiese basis</li> <li>Lae vlak van vaardighede</li> <li>Invloei van plase</li> </ul>	X	X
		2	Ekonomiese potensiaal van dorp nie voldoende aangewend	<ul style="list-style-type: none"> <li>Negatiewe groei in hoof ekonomiese sektore</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Uitvloei van geld</li> <li>Geografiese ligging</li> </ul>	X	
		3	Onderbenutting van toerisme potensiaal			X	X
	Prins Albert	1	Werkloosheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>32% van ekonomiese aktiewe persone nie in diens</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lae ekonomiese groei</li> </ul>	X	X
		3	Onderbenutting van toerisme potensiaal			X	X



## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Dorpe Area		NB	Prioriteitskwessies	Spesifikasie (Hoeveelheid)	Oorsake	Wydte van kwessie	
						b	c
<b>Intstitusioneel</b>	Beaufort-Wes	1	Finansiële tekorte	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lae vlak van dienste betaling</li> <li>Salarisse nie ooreenkomstig norme</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Werkloosheid</li> <li>Houding teenoor dienstebetalings</li> <li>Tekort aan finansiële kapasiteit van werkgewers en uitbuiting</li> </ul>	X	X
		2	Personeel tekorte	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sleutelposte nie gevul</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Begrotingstekorte</li> <li>Duplisering van werk</li> </ul>	X	
		3	Geografiese verspreiding van kantore	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kantore wyd verspreid</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Beperkte ruimte in bestaande geboue</li> </ul>	X	
		4	Oneffektiewe personeel	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lae produktiwiteit</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Min motivering</li> <li>Onvoldoende toesig</li> <li>Vaardigheidstekorte</li> <li>Politieke steuring</li> </ul>	X	X
		5	Transformasie kwessies	<ul style="list-style-type: none"> <li>Swart bemagtiging in sleutel posisies skiet tekort</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geen gestruktureerde beleid</li> </ul>	X	
	Laingsburg						
	Murraysburg	1	Oneffektiewe personeel	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lae produktiwiteit</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Min motivering</li> <li>Onvoldoende toesig</li> <li>Vaardigheids tekorte</li> </ul>	X	X
		2	Bestuursmodel	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gemeenskap onseker oor funksies van SKDM amptenare</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Afbakening van nuwe munisipale areas en veranderende funksies</li> </ul>	X	X
		3	Toestande van fasiliteite			X	
	Prins Albert	1	Munisipale geboue	<ul style="list-style-type: none"> <li>Tekort aan kantoor ruimte</li> <li>IRDP-Prioriteit</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Amalgamasie</li> </ul>	X	

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorpe	NB	Prioriteitskwessies	Spesifikasie (Hoeveelheid)	Oorsake	Wydte van kwessie	
						b	c
<b>Gesondheid</b>	Beaufort-Wes	1	Toegang tot mediese fasiliteite	<ul style="list-style-type: none"> <li>Pasiënte moet ver loop na fasiliteite</li> <li>Ontoeganklikheid van Dokters</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ligging</li> <li>Duur vervoer</li> <li>Tekort aan dokters in sekere areas</li> <li>Dokters duur</li> </ul>	X	X
		2	Effektiewe HIV-strategie	<ul style="list-style-type: none"> <li>Toename in infeksie koers</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onkunde</li> <li>Armoede toestand</li> <li>Lewenstyl</li> </ul>	X	X
		3	Hoë voorkoms van TB	<ul style="list-style-type: none"> <li>Konstante getal TB-lyers aangemeld</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onkunde</li> <li>Armoede toestand</li> <li>Lewenstyl</li> <li>Voltooi nie behandeling</li> </ul>	X	X
		4	Spesiale mediese dienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>Tekort aan spesialis mediese dienste in kleiner sentra</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ekonomiese oorwegings</li> <li>Geografiese ligging</li> </ul>	X	X
	Laingsburg	1	Ongereelde kliniek besoeke	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lang intervalle tussen besoeke in landelike areas</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Begrotingstekorte</li> <li>Afstande</li> </ul>	X	X
		2	Uitbreiding van hospitaal			X	
	Murraysburg	1	Effektiewe HIV strategie	<ul style="list-style-type: none"> <li>Toename in infeksie koers</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onkunde</li> <li>Armoede toestand</li> <li>Lewenstyl</li> </ul>	X	X
		2	Geen permanente dokter	<ul style="list-style-type: none"> <li>Dokters op rotasie stelsel</li> <li>Geen nadoodse ondersoek fasiliteite</li> </ul>		X	
		3	Onvoldoende medikasie by klinieke	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vereiste medisyne nie beskikbaar nie</li> </ul>		X	X
	Prins Albert	1	Onvoldoende wagkamers Onvoldoende distriksgeneesheer diens			X	
		2	Onvoldoende kliniekdienste (Klaarstroom)			X	
		3	Nooddienste onvoldoende	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ambulans, redding en brandweer diens (Leeu Gamka)</li> </ul>		X	X

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	C
<b>Grond &amp; behuising</b>	Beaufort-Wes	1	Dorpsstigting Nelspoort	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen toegang tot eienaarskap</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grond in staatsbesit</li> </ul>	X	
		2	Identifisering van grond vir kleinboere	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kleinboere het te min toeganklike grond</li> <li>• Oorbeweiding van meent</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Histories geen toegang tot grond</li> <li>• Beperkte finansiering</li> </ul>	X	X
		3	Ligging van behuisingsprojekte	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verlaagte toegang tot fasiliteite</li> </ul>		X	
		4	Onvoldoende grondgebruiksbeplanning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondgebruikspatrone bevorder nie toegang</li> <li>• Agteruitgang van voorstede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Historiese beplanningsmetodes</li> </ul>	X	
		5	Inluiting van landelike gebiede in beplanning		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stedelike voorkeur ten opsigte van ontwikkeling</li> <li>• Onwilligheid om deel te neem</li> </ul>	X	X
	Laingsburg	1	Behuisingsbehoefes (150) Matjiesfontein			X	
		2	Insluiting van landelike gebiede in beplanning		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stedelike voorkeur ten opsigte van ontwikkeling</li> <li>• Onwilligheid om deel te neem</li> </ul>	X	X
	Murraysburg	1	450 huise met geen dienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>• IRDP-Prioriteit</li> </ul>			
		2	Identifisering van grond vir kleinboere	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kleinboere het te min toeganklike grond</li> <li>• Oorbeweiding van meent</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Histories geen toegang tot grond</li> <li>• Beperkte finansiering</li> </ul>		
		3	Geen grondgebruiksbeplanning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen soneringskema of regulasies</li> </ul>			

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	C
		4	Insluiting van landelike gebiede in beplanning		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stedelike voorkeur ten opsigte van ontwikkeling</li> <li>• Onwilligheid om deel te neem</li> </ul>	X	X
	Prins Albert	1	Tekort en kwaliteit van behuising	<ul style="list-style-type: none"> <li>• IRDP - Prioriteit</li> </ul>		X	X
		2	Transnet behuising: kwaliteit en toestand			X	X
		3	Insluiting van landelike gebiede in beplanning		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stedelike voorkeur ten opsigte van ontwikkeling</li> <li>• Onwilligheid om deel te neem</li> </ul>	X	X

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	c
<b>Infrastruktuur en basiese dienste</b>	Beaufort-Wes	1	Busroete (Kwa-Mandlenkosi)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Roete onbegaanbaar weens toestand</li> <li>IRDP Prioriteit</li> </ul>		X	X
		2	Onvoldoende beligting <ul style="list-style-type: none"> <li>Kwa-Mandlenkosi</li> <li>Rustdene</li> <li>Die Lande</li> <li>Nelspoort</li> <li>Merweville</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>IRDP Prioriteit</li> </ul>		X	X
		3	Stormwater	<ul style="list-style-type: none"> <li>IRDP Prioriteit</li> </ul>		X	X
		4	Onvoldoende vullis bestuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stortingsterreine swak bestuur</li> <li>Vullis kollektering onvoldoende</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Min beleids implementering</li> <li>Lae produktiwiteit van werkers</li> <li>Publieke samewerking</li> </ul>	X	X
		5	Teer van pad na Merweville vanaf N1				
	Laingsburg	1	Opgradering van hoofpad	<ul style="list-style-type: none"> <li>IRDP-Prioriteit</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verkeersdruk noodsaak opgradering</li> <li>Verbeterde toegang tot plaaslike fasiliteite</li> </ul>	X	X
2		Basiese Dienslewering <ul style="list-style-type: none"> <li>Water</li> <li>Riolering</li> <li>Elektrisiteit (Matjiesfontein)</li> </ul>			X		

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies		
						b	c	
	Murraysburg	1	Opgradering van elektrisiteits netwerk en vooruitbetaalmeters			X		
		2	Onvoldoende kooppunte vir koopkrag			X		
		3	Hoëmasbeligting			X		
		4	Opgradering van water voorsieningsstelsel			X		
		5	Onvoldoende vullisbestuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Swak bestuurde stortingsterreine</li> <li>• Effektiewe vulliskollektering</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte beleidsimplementering</li> <li>• Lae werkers produktiwiteit</li> <li>• Publieke samewerking</li> </ul>	X	X	
	Prins Albert	1	Opgradering van suiweringswerke	<ul style="list-style-type: none"> <li>• IRDP - Prioriteit</li> </ul>		X	X	
		2	Onvoldoende stormwaterbeheer Leeu-Gamka Prins Albert	<ul style="list-style-type: none"> <li>• IRDP - Prioriteit</li> </ul>		X	X	
		3	Riolering	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofrioolllyn</li> <li>• IRDP – Prioriteit (Prins Albert Suid)</li> </ul>		X	X	
		4	Onvoldoende vullisbestuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Swak bestuurde stortingsterreine</li> <li>• Effektiewe vulliskollektering</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte beleidsimplementering</li> <li>• Lae werkers produktiwiteit</li> <li>• Publieke samewerking</li> </ul>	X	X	
		5	Koop van krag			X		
		6	Begraafplaas onversorg	Onderhoud nie voldoende			X	
		7	Straatname				X	
		8	Brandweer dienste				X	X

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	C
Omgewing	Beaufort-Wes	1	Omgewingsverval weens vullisstorting in woonbuurte en op meent		<ul style="list-style-type: none"> <li>Onkunde</li> <li>Tekort aan vullisdromme</li> </ul>	X	
		2	Onwettige storting		<ul style="list-style-type: none"> <li>Geen wetstoepassing</li> <li>Onkunde</li> </ul>	X	X
		3	Oorbeweiding van meent		<ul style="list-style-type: none"> <li>Tekort aan grond</li> </ul>	X	
		4	Indringer plante			X	X
		5	Tekort aan omgewingsopvoeding		<ul style="list-style-type: none"> <li>Onbetrokkenheid van park in aktiwiteite van dorp</li> </ul>	X	X
	Laingsburg	1	Oorbeweiding			X	
	Murraysburg	1	Omgewingsverval weens vullisstorting in woonbuurte en op meent		<ul style="list-style-type: none"> <li>Tuinvullis nie reg hanteer</li> </ul>	X	
		2	Onwettige storting			X	X
		3	Tekort aan omgewingsopvoeding			X	X
	Prins Albert	1	Onwettige storting			X	X

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	c
<b>Sosiale Ontwikkeling</b>	Beaufort-Wes	1	Armoede			X	X
		2	Middelmisbruik			X	X
		3	Bemagtiging van vroue	<ul style="list-style-type: none"> <li>Tiener meisies</li> </ul>		X	X
		4	Opvoedkunde verwante probleme	<ul style="list-style-type: none"> <li>Afstand</li> <li>Ongekoördineerde aktiwiteite</li> <li>Onder gebruik en oorgebruik van sekere fasiliteite</li> <li>Onvoldoende ontspanningsfasiliteit</li> <li>Voedings programme</li> <li>Tekort aan volwasse opvoeding</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Min kontak tussen skole</li> </ul>	X	
		5	Tekort aan leierskap			X	
		6	Publieke apatie	<ul style="list-style-type: none"> <li>Min betrokkenheid by ontwikkelingskwessie</li> </ul>		X	X
		7	Misdaad en polisiëring	<ul style="list-style-type: none"> <li>Fasiliteite onvoldoende geplaas</li> <li>Toename in geweld misdaad</li> <li>Toename in minder ernstige misdaad</li> <li>Toenemende onwettige drankhandel</li> <li>Sodomie en kindermolestering</li> <li>Tekort aan spesialis eenhede</li> <li>Geen lykshuis</li> </ul>		X	X
		8	Sport Ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onvoldoende fasiliteite</li> <li>Geen sport onderrig</li> <li>Min verskeidenheid van sport</li> </ul>		X	



## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	c
	Laingsburg	1	Huis vir bejaardes			X	
		2	Creché			X	
		3	Biblioteek dienste			X	
		4	Informasie sentrum			X	X
		5	Opgradering van Museum			X	
		6	Misdaad en Polisiëring	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gemeenskapspoliëring</li> <li>• Spesiale dienste</li> <li>• Tekort aan voldoende polisie Matjiesfontein</li> <li>• Mobiele Polisiestasie</li> </ul>		X	X
		7	Sport fasiliteite Swartberg Matjiesfontein			X	
	Murraysburg	1	Armoede			X	X
		2	Middelmisbruik	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jeug</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Min ontspanning</li> </ul>	X	X
		3	Tuissorg vir bejaardes			X	
		4	Bemagtiging van vroue			X	X

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

Sleutel Prestasie Area	Dorp	NB	Prioriteits kwessie	Spesifikasie Hoeveelheid	Oorsake	Wydte van kwessies	
						b	c
	Murraysburg	5	Onderrig	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Volwasse geletterdheid</li> <li>• Lae vlakke van geletterdheid</li> <li>• Swak informasie rakende tersiêre onderrig</li> <li>• Ouers nie baie betrokke</li> <li>• Voedingsprogramme</li> </ul>		X	
		6	Sport ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onvoldoende fasiliteite</li> <li>• Geen sport onderrig</li> <li>• Beperkte tipes sport</li> </ul>		X	
		7	Misdaad en polisiëring	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Personeel / Voertuig tekorte</li> <li>• Geen lykshuis</li> <li>• Polisie betrokkenheid by brandweer</li> <li>• Jeugmisdaad</li> <li>• Onwettige shebeens</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Middelmisbruik</li> </ul>	X	X
	Prins Albert	1	Sport ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sportgronde Klaarstroom Leeu-Gamka</li> <li>• Swembad Prins Albert</li> </ul>		X	
		2	Biblioteekdienste Prins Albert Klaarstroom			X	
		3	Parke / Speelgronde Klaarstroom Prins Albert			X	

### 2.3 Prioriteitskwessies vanuit 'n Munisipale Perspektief

Die Distriksmunisipaliteit (DM) het in terme van wetgewing 'n verantwoordelikheid om in die algemeen die ontwikkeling van al die inwoners in die streek te bevorder, en spesifiek, om die dienslewingskapasiteit van al die munisipaliteite in die streek te verhoog. Die vermoë van die DM in hierdie verband word beperk deur die swak finansiële posisies van die plaaslike munisipaliteite in die streek, waarvan die oorsake grootliks buite die beheer van die DM is. Befondsing vir belegging in gemeenskapskapasiteitsbou was tot dusver beperk. Op hierdie stadium ondervind die hele streek 'n dringende behoefte aan intervensies wat inwoners in staat kan stel om te ontsnap uit die bose kringloop van armoede waarin hulle tans vasgevang is. Die streek se verafgeleë ligging en demografiese eienskappe blyk ook faktore te wees wat bydra tot die tekort aan finansieringsgeleenthede.

Kern uitdagings en geïdentifiseerde prioriteite is soos volg:

- Die tekort aan bestuurskapasiteit en gestruktureerde gemeenskapsbetrokkenheid in aktiwiteite om outentieke oplossings vir die streek se probleme te ontwikkel en te implementeer;
- Die stimulering van 'n lewensvatbare en volhoubare groeiende streekseksonomie;
- Die ontwikkeling en instandhouding van 'n voldoende vlak van infrastruktuur vir die lewering van munisipale dienste;
- Die bemagtiging van plaaslike inwoners deur eerstens die oordrag van vaardighede en tweedens, die fasilitering van ontwikkelingsgeleenthede;
- Die vestiging van gesonde gemeenskapsverhoudinge en samewerking;
- Die pro-aktiewe bewaring en bestuur van die natuurlike omgewing tot voordeel van die groter plaaslike gemeenskap;
- Die beskerming van burgers se veiligheid deur effektiewe handhawing van wet en orde; en
- Die finansiële lewensvatbaarheid van alle munisipaliteite in die streek.

### **2.4 Ruimtelike Analise: Patrone en tendense**

Verwys na aangehegte kaarte in **Bylae B**. 'n Omvattende Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) word tans deur konsultante opgestel en sal by voltooiing die geïdentifiseerde ontwikkelingskwessies ruimtelik aandui.

### **2.5 Sosiale Analise: Armoede situasie end geslag-spesifieke kwessies**

Verwys na paragrawe 2.1 en 2.6.

### **2.6 Ekonomiese Analise: Hoof patrone and tendense**

Begin op die volgende bladsy.

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

<b>Ekonomies</b>									
<b>Indiensneming</b>									
		1999				1990			
		Totaal		%		Totaal		%	
<b>Beaufort-Wes</b>									
<i>Formeel</i>		6160		54.1		6269		58.3	
<i>Informeel</i>		2231		19.6		1547		14.4	
<i>Werkloos</i>		3006		26.4		2930		27.3	
<b>Laingsburg</b>									
<i>Formeel</i>		1363		63.6		1461		68	
<i>Informeel</i>		493		23		335		15.6	
<i>Werkloos</i>		286		13.3		353		16.4	
<b>Murraysburg</b>									
<i>Formeel</i>		911		51		1164		56.7	
<i>Informeel</i>		543		30.4		296		14.4	
<i>Werkloos</i>		333		18.6		591		28.8	
<b>Prins Albert</b>									
<i>Formeel</i>		2005		67.2		1910		68.7	
<i>Informeel</i>		451		15.1		322		11.6	
<i>Werkloos</i>		528		17.7		548		19.7	
<b>Inkomste</b>									
<b>Jaarlikse Per Kapita inkomste</b>									
<b>Beaufort-Wes</b>		<b>Laingsburg</b>		<b>Murraysburg</b>		<b>Prins Albert</b>		<b>Gemiddeld</b>	
1990	1999	1990	1999	1990	1999	1990	1999	1990	1999
12 555.36	10 699.3	9 714.06	9 882.94	7 149.45	7 423.53	8 743.42	10 992.67	9540.5	9749.6
<b>Huishoudings onder Minimum Leef vlak (MLL)</b>									
<b>Beaufort-Wes</b>		<b>Laingsburg</b>		<b>Murraysburg</b>		<b>Prins Albert</b>		<b>Gemiddeld</b>	
57.2		51.8		64.7		67.2		60.2	

Bron: IDEA (@CSIR, 2001) inligting saamgestel van DWWB

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

<b>Ekonomiese Sektore</b>				
<b>Sektor bydrae tot Bruto Geografiese Produk: Beaufort-Wes</b>				
	1990		1999	
<b>Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>
Landbou	11.9	60	15.8	78
Mynbou	0	0	0	0
Vervaardiging	1	5	2.7	13
Elektrifisering	0.8	4	1	5
Konstruksie	2.4	12	2.2	11
Handel	11.3	57	10.7	53
Transport	18.2	92	24.6	121
Finansiering	10.3	53	13.4	66
Gemeenskapdiens	43.8	503	29.7	147
<b>Sektor bydrae tot Indiensneming</b>				
	1990		1999	
<b>Sektor</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>
Landbou	11.6	1120	17.2	1466
Mynbou	0	0	0	0
Vervaardiging	2.2	221	5.5	469
Elektrifisering	0.8	77	0.9	77
Konstruksie	7.6	733	8.4	716
Handel	23.4	2268	24.4	2075
Transport	9.2	886	7.4	628
Finansiering	4	384	5.3	446
Gemeenskapdiens	32.9	3185	23	1954

Bron: IDEA (@CSIR, 2001) inligting saamgestel van DWWB

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

<b>Ekonomiese Sektore</b>				
<b>Sektor bydrae tot Bruto Geografiese Produk: Laingsburg</b>				
	<b>1990</b>		<b>1999</b>	
<b>Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>
Landbou	31.8	19	15.8	20
Mynbou	0.7	0	0.5	0
Vervaardiging	1.9	1	2	1
Elektrifisering	1.1	1	1	1
Konstruksie	2.2	1	1.9	1
Handel	14.9	9	10.8	7
Transport	12	7	17	11
Finansiering	15	9	17.6	11
Gemeenskapdiens	20.3	12	17.7	11
<b>Sektor bydrae tot Indiensneming</b>				
	<b>1990</b>		<b>1999</b>	
<b>Sektor</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>
Landbou	32.4	840	39.6	866
Mynbou	0.7	18	0.4	9
Vervaardiging	6.8	166	7	153
Elektrifisering	0.3	8	0.3	7
Konstruksie	4.1	102	4.6	101
Handel	32.6	801	27.3	595
Transport	5.7	140	5.1	111
Finansiering	1.9	47	2.5	54
Gemeenskapdiens	8.7	213	8.2	178

Bron: IDEA (@CSIR, 2001) inligting saamgestel van DWWB

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

<b>Ekonomiese Sektore</b>				
<b>Sektor bydrae tot Bruto Geografiese Produk: Murraysburg</b>				
	<b>1990</b>		<b>1999</b>	
<b>Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>
Landbou	52.5	19	45.3	20
Mynbou	0	0	0	0
Vervaardiging	1.9	1	2	1
Elektrifisering	1.1	1	2.3	1
Konstruksie	2.2	1	2	1
Handel	12.3	4	17.4	6
Transport	4.7	2	12.7	5
Finansiering	0	0	0	0
Gemeenskapdiens	24.6	8	18.2	7
<b>Sektor bydrae tot Indiensneming</b>				
	<b>1990</b>		<b>1999</b>	
<b>Sektor</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>
Landbou	35.2	542	32.7	508
Mynbou	0	0	0	0
Vervaardiging	6.3	97	5.8	89
Elektrifisering	0.6	10	0.9	14
Konstruksie	7.8	121	7.8	120
Handel	17.1	264	25.8	400
Transport	0.8	13	1.3	20
Finansiering	0	0	0	0
Gemeenskapdiens	18.6	287	13.7	212

Bron: IDEA (@CSIR, 2001) inligting saamgestel van DWWB



## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

<b>Ekonomiese Sektore</b>				
<b>Sektor bydrae tot Bruto Geografiese Produk: Prins Albert</b>				
	<b>1990</b>		<b>1999</b>	
<b>Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>	<b>% van totale BGP</b>	<b>GBP per Sektor</b>
Landbou	27.3	15	37.5	26
Mynbou	0	0	0	0
Vervaardiging	0.4	0	0.4	0
Elektrifisering	0.3	0	0.1	0
Konstruksie	10.8	6	7.9	5
Handel	9.5	5	7.7	5
Transport	3.4	2	3.9	3
Finansiering	14.9	8	14.1	10
Gemeenskapdiens	33.5	19	28.3	19
<b>Sektor bydrae tot Indiensneming</b>				
	<b>1990</b>		<b>1999</b>	
<b>Sektor</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>	<b>% Indiensneming</b>	<b>Indiensneming</b>
Landbou	34.2	756	47.6	1276
Mynbou	0	0	0	0
Vervaardiging	1.9	42	1.4	38
Elektrifisering	1.2	27	0.3	7
Konstruksie	9.2	205	7.7	204
Handel	17.5	387	14.3	381
Transport	3.1	70	2	52
Finansiering	3.4	76	3.1	82
Gemeenskapdiens	22.3	493	17.6	468

Bron: IDEA (@CSIR, 2001) inligting saamgestel van DWWB

## Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) 2002 - 2006

<b>Potensiaal / Bedreigings</b>	
Onderbenutte potensiaal	Ekonomiese bedreigings
<i>Landelike Toerisme: Jag vakansies / 4X4 roets</i>	<i>Besoekers word ge-intimideer deur werkloses</i>
<i>Toerisme fasiliteite binne dorpe</i>	<i>Fasiliteite ontoeganklik weens onvoldoende parkering - beperk kontak tussen besighede en toeriste / deurverkeer</i>
<i>Eko-toerisme: Argeologiese besienswaardighede / Natuurlike vistas (uitkykpunte)</i>	<i>Trekkragte van groter sentra (George/ Worcester / Kaapstad) affekteer plaaslike besighede</i>
<i>Landbou</i>	<i>Weens eksterne trekkragte is spesialisdienste minder lewensvatbaar</i>
<i>Deurverkeer van N1 / na Oos-Kaap</i>	

### 2.7 Omgewings Analise: Belangrikste Risiko's and Neigings

<b>Omgewing</b>					
<b>Ligging</b>	<b>Waargenome Probleem</b>	<b>Aard</b>	<b>Geaffekteerde Persone/ Area</b>	<b>Skaal</b>	<b>Oorsaak (e)</b>
<b>Beaufort-Wes</b>	<b>Omgewingsverval</b>	Onnet omgewing Vullis word orals rondgestrooi		Problematies	Min omgewingstrots in gemeenskap Skoonmaak inisiatiewe spreek nie oorsaak van probleem aan ni Onvoldoende publieke vullisdromme
	<b>Hantering van soliede vullis</b>	Onwettige vullisstorting Storting in woonbuurte Toestand / bestuur van stortingsterrein Swak beheer kan lei tot besoedeling van grondwater	Groter Beaufort-Wes gemeenskap Matjiesfontein	Problematies	Onvoldoende wetlike beheer Onvoldoende publieke vullisdromme Onvoldoende bestuursstelsel vir stortingsterrein
	<b>Oorbeweidings van meent</b>	Te min beheer oor kleinboere wat meentgrond vir beweidings gebruik	Groter Beaufort-Wes gemeenskap	Kan lei tot konflik	Geen operasionele strategie rakende kleinboere en die gebruik van meent
	<b>Indringerspesies</b>	Sekere uitheemse vetplante dring in in natuurlike omgewing	Natuurlike omgewing	Langtermyn	
	<b>Geen omgewings opvoeding</b>	Gemeenskap onbewus van degradasie van omgewing en die langtermyn implikasies	Groter Beaufort-Wes gemeenskap en natuurlike omgewing		Onbetrokkenheid van omgewingsinstansies by gemeenskaps opvoeding
<b>Laingsburg</b>	<b>Oorbeweidings</b>	Natuurlike omgewing bedreig deur oorbeweidings			
	<b>Hantering van soliede vullis</b>	Geen geregistreerde stortingsterrein	Matjiesfontein		
<b>Murraysburg</b>	<b>Omgewingsverval</b>	Onnet omgewing Vullis word orals rondgestrooi			Min omgewingstrots in gemeenskap Skoonmaak inisiatiewe spreek nie oorsaak van probleem aan ni
	<b>Hantering van soliede vullis</b>	Onvoldoende hantering van tuinvullis Toestand / bestuur van stortingsterrein			Toerusting tekort Toestand van stortingsterrein Tekort aan tuinafval –vullis kampies
<b>Prins Albert</b>	<b>Storting van vullis</b>	Swak beheer oor storting Onvoldoende verwydering van vullis	Klaarstroom / Leeu Gamka		Onvoldoende toerusting / kapasiteit
	<b>Grond erosie</b>	Landboupraktieke lei tot erosie	Prins Albert Landelike	Langtermyn	Swak landboupraktieke

### 2.8 Institusionele Analise: Sterk en Swakpunte van munisipale administrasie

Sterkpunte	Swakpunte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Bevoegdhede en bestuursvaardighede</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Aanwesigheid van minimum vaardighede in verskillende dissiplines</li> </ul> </li>   <li>• <b>Motivering en Gesindhede</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Gevestigde lojaliteit</li> <li>○ Bereidwilligheid om verskil te maak</li> </ul> </li>   <li>• <b>Verhoudinge</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Gesonde interaksie</li> <li>○ Wedersydse respek</li> </ul> </li>   <li>• <b>Kommunikasie</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Toeganklikheid</li> <li>○ Genoeg tyd vir debatvoering</li> <li>○ Taal word deur almal verstaan</li> </ul> </li>   <li>• <b>Besluitneming</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Wedersydse respek</li> <li>○ Deelnemende besluite</li> <li>○ Uitvoerbare besluite</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Bevoegdhede en bestuursvaardighede</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Huiwering om inisiatief te neem</li> <li>○ Politieke oorheersing van vergaderings</li> </ul> </li>   <li>• <b>Motivering en Gesindhede</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Onseker en magteloosheid</li> <li>○ Wantroue</li> <li>○ Swak motivering by amptenare</li> <li>○ Ondermyning van gesag</li> <li>○ Dominerende bestuur</li> </ul> </li>   <li>• <b>Verhoudinge</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Wantroue</li> <li>○ Onverdraagsaamheid met mekaar se verskille</li> </ul> </li>   <li>• <b>Kommunikasie</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Koukusstelsel beperk spontaniteit</li> <li>○ Koukus dominasie</li> <li>○ Gebrek aan inligtingsgeleenthede vir amptenare</li> <li>○ Verskuilde agenda</li> <li>○ Praat verby mekaar</li> </ul> </li>   <li>• <b>Besluitneming</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Politieke oorheersing</li> <li>○ Finansiële implikasie nie altyd volledig in ag geneem</li> </ul> </li> </ul>

Bogenoemde analise was gedoen tydens 'n beplanningssessie met Raadslede en Departementshoofte op 1-2 Oktober 2001, gefasiliteer deur dr. Henry Vos van Zest Solutions. 'n Organogram van die huidige struktuur van die SKDM is aangeheg as **Bylae C**. Wysigings aan die struktuur word verwag aan die hand van die strategiese fokus van die hierdie (die huidige) GOP. Die rasionaal vir wysigings aan die bestaande struktuur hou verband met funksie-suiwering en die totstandbringings van koste-eenhede ten einde doeltreffendheid en koste-

effektiwiteit by die SKDM te bevorder. Die vestiging van 'n Direkoraat: Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning blyk wenslik te wees om die strategiese doelwitte van die GOP operasioneel te ondervang.

### **2.9 Prioriteitskwessies in Konteks**

Prioriteitskwessies soos geïdentifiseer tydens verskeie werksinkels is gedokumenteer in afdeling 2.2.

### 3 Strategieë

#### 3.1 Die Munisipale Visie

Die visie van 'n munisipaliteit is 'n openbare verklaring van wat die munisipaliteit binne die betrokke jurisdiksie wil bereik. Dit is toekomsgerig en omskryf kortliks die munisipaliteit se doel en rede vir bestaan. Dit verskaf rigting aan strategieë, doelwitte en implementeringsplanne en lig die gemeenskap in oor wat hulle van die munisipaliteit kan verwag. Die missie gee uitdrukking aan wat die munisipaliteit veronderstel is om te doen (die munisipale funksie) en dien as fokuspunt om te verseker dat raadslede en amptenare gefokus bly. Die raadslede en amptenare van SKDM het die volgende visie en missie verklarings aanvaar:

##### 3.1.1 Visie

***Optimale lewenskwaliteit vir almal***

##### 3.1.2 Missie

***Ons voorsien kwaliteit dienste  
vir  
volhoubare ekonomiese ontwikkeling  
en  
sosiale stabiliteit  
deur  
dinamiese deelhouer inspraak  
en  
demokratiese betrokkenheid***

### 3.1.3 Waardes

Die waardestelsel van 'n munisipaliteit moet die onderlinge verhouding tussen amptenare, asook die verhouding tussen die munisipaliteit en die kliënt (gemeenskap) beskryf. Dit behels 'n beskrywing van alle praktyke en die waardes wat aan sekere beginsels geheg word. Die waardes streef daarna om die kultuur wat in die munisipaliteit voorkom, of behoort voor te kom, te reflekteer. Waardes is oortuigings, verbintenisse en beginsels wat leiding gee aan dag-tot-dag besluitneming, hetsy bewustelik of onbewustelik. Mense word in staat gestel om deurdagte besluite te neem in ooreenstemming met dit waaraan die munisipaliteit glo, indien die munisipaliteit standvastige waardes het wat duidelik gekommunikeer, goed verstaan word en gedeel word. In die lig van bogenoemde is die volgende waardestelsel deur die munisipaliteit aanvaar:

- Ons sal die Grondwet van Suid Afrika respekteer en in stand hou deur die aspirasies van ons mense;
- Ons verbind ons tot die Gedragskode vir Raadslede en Amptenare in ooreenstemming met die Munisipale Stelselwet, 2000;
- Ons verbind onself tot die beginsels van gesonde finansiële bestuur;
- Ons ondersteun die “Batho Pele” beginsels, wat soos volg opgesom kan word:
  - *Konsultasie*: Daar moet met inwoners gekonsulteer word oor die vlakke en kwaliteit van dienste wat gelewer moet word;
  - *Standaard van Dienste*: Inwoners moet bewus gemaak word van wat hulle kan verwag ten opsigte van die vlakke en kwaliteit van dienste wat gelewer gaan word;
  - *Toeganklikheid*: Alle inwoners moet gelyke toegang hê tot dienste waarop hulle geregtig is;
  - *Beleefdheid*: Alle inwoners moet met beleefdheid en respek behandel word;
  - *Inligting*: Inwoners moet volle en akkurate inligting ontvang oor die dienste wat gelewer gaan word;
  - *Deursigtigheid*: Inwoners moet ingelig word oor staatsdepartemente se bedrywighede, begrotings en bestuurstrukture;

- *Heraanspreeklikheid*: Inwoners is geregtig op 'n verskoning, verduideliking en regstellende aksie indien die beloofde standard van dienste nie gelewer is nie; en
- *Waarde vir geld*: Openbare dienste moet ekonomies en effektief gelewer word
- Ons ondersteun samewerkende regering: Ons sal streeks-, provinsiale en nasionale programme bevorder en konstruktief daaraan deelneem as 'n vennoot in regering; en
- Ons onderskryf kapasiteitsbou vir almal wat by die munisipaliteit betrokke is.

Bogenoemde Visie, ons Missiestelling en die Waardestelsel wat deur die Distriksmunisipaliteit aangeneem is, word gekenmerk deur die leuse wat deur die Sentrale Karoo Distriksmunisipaliteit aangeneem is en wat soos volg lui:

***Optimale lewenskwaliteit vir almal***

### 3.2 Gelokaliseerde Strategiese Riglyne

Riglyne van relevante wetgewing was sover as moontlik gevolg met die opstel van hierdie GOP. Hierdie riglyne is verkort en word vervat in ***Bylae D***.

### 3.3 Doelwitte en Strategieë vir elke Prioriteitskwessie

Die volle omvang van die doelwitte en strategieë vir elke prioriteits area word gereflekteer in die inligting soos vervat in die tabelle in paragrawe 3.4 en 4.2.

